education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD 6

# SOSIALE WETENSKAPPE: GEOGRAFIE

## JUNIE 2025

**PUNTE: 40** **TYD: 1 UUR**

**Naam van skool:**______________________________________________

**Leerder se naam en van:**________________________________________

**Graad 6** ___

**Punte: AFDELING A:**____ / 15 **AFDELING B:**____ / 25 **TOTAAL:**________ / 40 = ___

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

- Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
  AFDELING A: Kwartaal 1 inhoud: 15 punte - Kaartvaardighede (Fokus: Wêreld)
  AFDELING B: Kwartaal 2 inhoud: 25 punte - Handel (Fokus: Suid-Afrika en die wêreld)
- Lees elke vraag sorgvuldig deur voordat jy dit beantwoord.
- Beantwoord beide afdelings.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Antwoord in die voorsiene spasie.

**AFDELING A: KAARTVAARDIGHEDE (FOKUS: WÊRELD)**

**VRAAG 1: DEFINISIE VAN KONSEPTE**

1..Pas die konsepte in kolom A by die korrekte definisies in kolom B.


| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1.1. Atlas | A. Gebeurtenisse van sosiale of politieke belang wat tans in die wêreld plaasvind. |
| 1.2. Huidige gebeure | B. 'n Boek of versameling kaarte |

1.1. ______________(1) 1.2.______________(1)

**[2]**

**VRAAG 2: BREEDTE- EN LENGTELIGGING**

Bestudeer bron 2A hieronder om die volgende vrae te beantwoord




*Bron 2A: www.twinkl.co.za*

2.1. Identifiseer die koördinate van die volgende letters.

2.1.1. O: ________________________________ (1)

2.1.2. N: __________________________________ (1)

2.2. In watter 2 hemisfere (halfrondes) is Suid-Afrika geleë?

______________________en _______________________________ (2)

2.3. Benoem die breedtelyn by 0° wat die aarde in die suidelike en noordelike halfronde verdeel.

______________________________________________________________ (1)

2.4. Noem die land geleë op 30°S; 15°O, waarvandaan 49 Afrikaners onlangs gevlug het om skuiling in die VSA te soek.


______________________________________________________________ (1)

**[6]**

**VRAAG 3: SKAAL**

Bestudeer bron 3A, die Kaart van Wes-Kaap, om die volgende vrae te beantwoord.

**KAART VAN WES-KAAP**




*Bron 3A: www.twinkl.co.za*


3.1. Watter tipe skaal word op hierdie kaart getoon?


______________________________________________________ (1)

3.2. Gebruik 'n stuk papier om die reguitlynafstand van Grabouw na Caledon in kilometer te meet.

____________________________________________ (2)

Gebruik die volgende bron 3B om jou te help om die volgende vrae te beantwoord.




***Kaart A Kaart B***

3.3. Onderskei tussen 'n grootskaal- en 'n kleinskaalkaart.

Grootskaal: ______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

Kleinskaal: ______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

3.4. Vergelyk die 2 kaarte (Kaart A en Kaart B) in bron 3B en bepaal watter kaart nuttiger kan wees om aanwysings na 'n plek te vind.

___________________________________________ (1)

3.5. Dui aan of die volgende stelling waar of onwaar is:

'n Skaal word gebruik om die afstand op die kaart in vergelyking met die afstand op die grond te meet.

___________________ (1)

**[7]**

**AFDELING A: 15**

**AFDELING B: HANDEL: (FOKUS: SUID-AFRIKA EN DIE WÊRELD)**

**VRAAG 4: REGVERDIGE HANDEL**

Lees die volgende bron 4A noukeurig om die volgende vrae te beantwoord.

Lindiwe is 'n koffieboer in Ethiopië. Sy verkoop haar koffiebone aan 'n koöperasie wat billike pryse vir boere verseker. Die koöperasie voer die koffie uit na Europa, waar verbruikers bereid is om meer te betaal vir billike en verantwoordelik verkrygde produkte.

*Bron 4A: Eksaminator se eie bron*

4.1. Verduidelik wat billike (regverdige) handel is.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(2)

4.2. Watter produk produseer Lindiwe?

______________________________________________________________________(1)

4.3. Wat is die rol van die koöperasie in hierdie scenario (gevallestudie)?

______________________________________________________________________(1)

4.4. Waarom sou verbruikers in Europa bereid wees om meer vir Lindiwe se koffie te betaal?

______________________________________________________________________ (1)

4.5. Verduidelik een voordeel van billike (regverdige) handel vir boere soos Lindiwe.

______________________________________________________________________ (1)

4.6. Noem die menslike koste van onbillike (onregverdige) handel.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

**[7]**

**VRAAG 5: WAT MENSE VERHANDEL**

5.1. Klassifiseer die volgende items volgens grondstowwe (rou material) en vervaardigde goedere.

| | | | |
|---|---|---|---|
| BOOM | LEERGORDEL | GOUD | SJOKOLADE |

5.1.1. Grondstowwe: ______________________, _________________________ (2)

5.1.2. Vervaardigde goedere: _____________________, ________________________ (2)

**[4]**

**VRAAG 6: HULPBRONNE EN HULLE WAARDE: VAN GOUD TOT JUWELE**

Lees die volgende gevallestudie om die vrae wat volg te beantwoord



In Suid-Afrika word goud in provinsies soos Gauteng en die Vrystaat ontgin. Nadat goud ontgin is, gaan dit deur verskillende prosesse voordat dit juwele word. Dit sluit in om die goud te raffineer om dit suiwer te te maak, die ontwerp van die juwele, en om dit uiteindelik in winkels te verkoop. Baie mense is by die proses betrokke, soos mynwerkers, fabriekswerkers, ontwerpers en winkeleienaars. Goue juwele word plaaslik verkoop, en ook uitgevoer na ander lande. Dit bring inkomste na Suid-Afrika.

*Bron: www.koshjewellery.com*

6.1. Noem een provinsie in Suid-Afrika waar goud ontgin word.

________________________________________________________________________(1)

6.2. Wat is die doel van die raffinering van goud?

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________(2)

6.3. Waarom word goud aan ander lande verkoop?

________________________________________________________________________(1)

6.4. Gee een rede waarom goud 'n belangrike hulpbron vir Suid-Afrika is.


________________________________________________________________________

________________________________________________________________________(1)

**[5]**

**VRAAG 7:HULPBRONNE EN HULLE WAARDE:VAN KAKAO TOT SJOKOLADE**

Bestudeer die volgende bron 7A om die volgende vrae te beantwoord.




Kakao begin as peule wat op plase gekweek word, waarna die bone ge-oes, gefermenteer en gedroog word. Hierdie bone word dan na fabrieke vervoer waar hulle gerooster, gemaal en tot sjokolade verwerk word. Soos sjokolade verpak word en produkname kry, neem die waarde daarvan toe as gevolg van ekstra arbeid, vervoer en bemarking. Teen die tyd dat dit winkels bereik, kos die finale produk baie meer as die rou kakao.

7.1. Noem die plant wat gebruik word om sjokolade te produseer.

____________________________________________(1)

7.2. Verduidelik waarom die waarde van sjokolade toeneem soos dit verwerk en verpak word.

____________________________________________

____________________________________________(2)

7.3. Volgens bron 7A, wat is die eerste stap om kakao in sjokolade te omskep?

____________________________________________(1)

**[4]**

## VRAAG 8: WAAROM MENSE HANDEL DRYF

8.1. Skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik waarom handel belangrik is vir lande. Sluit in jou paragraaf die volgende in:

- Die definisie van handel
- Twee redes waarom lande handel dryf
- Een voorbeeld van 'n produk wat Suid-Afrika uitvoer
- Hoe handel 'n land se ekonomie kan bevoordeel

**[5]**

## ASSESSERINGSRUBRIEK

| Vlak | Beskrywing | Punte |
|---|---|---|
| **1** | Het 1 of geen punt(e) geskryf wat verduidelik wat handel is nie. | **0-1** |
| **2** | Skryf 'n maksimum van 2 punte neer om te verduidelik wat handel is en 'n rede waarom lande handel dryf. | **2** |
| | Goeie poging om 'n paragraaf te struktureer met ongeveer 2 of meer punte, wat 'n deeglike begrip toon van wat handel is, waarom lande handel dryf, die produkte wat Suid-Afrika uitvoer en die ekonomiese voordele van handel. | **3** |
| **3** | Onderwerpsin, 2 of meer hoofpunte en slotsin was duidelik identifiseerbaar met 'n verduideliking/beskrywing van wat handel is, waarom lande handel dryf, die produkte wat Suid-Afrika uitvoer en die ekonomiese voordele van handel. | **4-5** |

**AFDELING B: 25**

**TOTAAL:40**